

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Met die aanbreek van paasweek, dink ons in besonder aan die Here se kruisiging en Sy opstanding. Mag ons ook in hierdie tyd Sy besondere genade ervaar! Alle eer aan Hom!

Ek wil graag die volgende belangrike sake onder u aandag bring:

A) REËLINGS VIR DINSDAG, 6 APRIL, SE STANDAARDTOETSE

Gr. 12 skandeer by hek A vanaf 06:30 tot 07:20 (Lof/Jvm/Bar)

Gr. 12 – Wiskunde skryf in die SAAL en sit reeds om 07:25 gereed om te skryf. (Lof/Jvm)

Wiskundige Geletterdheid skryf in die volgende lokale en sit reeds om 07:25 om te skryf.

Nuwe lokaal: RAU + helfte van SMP (Rau + VdA)

Voorlesinglokaal: MOM + helfte van SMP (Smp + All)

Gr. 10 en 11 skandeer by hek B vanaf 06:30 tot 07:20 (Dev/Pot/Wil/Mom)

Alle leerders moet reeds om 07:25 alfabeties in hul skryflokaal sit.

Alle leerders kom skryf. (Gr. 10-Kritte verlaat die terrein na hul toets geskryf het)

• Gr. 10-Wiskunde:

DEV (27)	A4	Dev
JVM (29)	k 13	Net
LOF (26)	B6	Due
POT (28)	A3	Pot
WIL (27)	A1	Wil

• Gr. 10-Wiskundige Geletterdheid:

RAU (25)	k 27	Bar
BAR (25)	k 28	Mom
Oorloop (21)	k 29	Ell

• Gr. 11-Wiskunde:

DEV (19)	A5	Dks
JVM (29)	A2	Roo
LOF (28)	B4	Poc
POT (28)	k 38	Dul

• Gr. 11-Wiskundige Geletterdheid:

RAU (25)	k 1	Jon
SMP (25)	k 2	Asp

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR
SUNRIDGE VILLAGE

BAR (25) k 3 Oos
Oorloop (17) k 4 Dup

Gr. 8 en 9 Visse skandeer eers van 07:45 tot 08:35 by hek D.
Die normale periodes begin 08:40 en sluit soos gewoonlik om 14:00.

B) AKADEMIE

Die toetsreeks strek vanaf 9-16 April, maar sekere vakke in graad 10 tot 12 skryf reeds vóór die toetsreeks begin. Ouers, ondersteun asseblief u seun/dogter om te alle tye hul beste te lewer met die voorbereiding.

Die akademiese afbakening per vak word op 31 Maart 2021 en 1 April 2021 aan die leerders in die voogklasse uitgedeel. Die leerders moet nougeset hiervolgens voorberei.

Die volgende vakke in gr. 8 en 9 skryf nie toetse nie: Tegnologie / Lewens-oriëntering/Skeppende Kunste. Hierdie leerders het almal take ontvang wat vóór die toetsreeks ingehandig moet word. Ondersteun ons ook in die voltooiing van hierdie SGA-take, want dit word ook op die rapport aangedui. EBW voltooi ook 'n taak wat saam met die toets in die toetsreeks tel.

Dankie vir u ondersteuning aan die onderwysers in hierdie moeilike tye. Ons sou graag alle leerders by die skool wou hê, maar weens die Departementele Covid-beperkings is dit ongelukkig nie moontlik nie. Ons vertrou egter dat die leerders tydens die tuisblydae hulle studie en huiswerk met toewyding sal voortsit. Hierdie dae kan nie as 'n vakansiedag beskou word nie.

In die volgende nuusbrief sal die leerders ook die reëlins vir die skanderingstye en lokale waar hulle tydens die toetsreeks skryf, ontvang. Let daarop dat leerders dadelik skryf en die terrein onmiddellik verlaat indien hulle nie 'n tweede sessie skryf nie. Die skryfsessies is op die toetsrooster aangedui.

C) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se facebook en webtuiste beskikbaar.

D) TOETSROOSTER

Vind asb. aangeheg die toetsrooster.

E) AFWESIGHEID VAN TOETSE/TOETSREEKS

Ouers, daar kan géén uitsonderings vir enige leerder rakende die toetsreeks gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die toetsrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die toetsreeks in gedrang bring nie.

Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van toetse en/of die toetsreeks afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbriëf ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang 'n leerder 0 vir die betrokke vak.

Indien 'n leerder Covid-positief of in isolasie is, moet dit dadelik onder die aandag van ons graadhoofde gebring word. U kan die graadhoofde by die volgende e-posadres in kennis stel:

Gr.8: heidistrauss88@gmail.com

Gr.9: fvdwalt@framesby.co.za

Gr.10: jeanette.schoeman@yahoo.com

Gr. 11: Ischelbert@framesby.co.za

Gr.12: smit.pc@gmail.com

F) BUITEMUURS TYDENS TOETSREEKS

Daar sal geen buitemuurse bedrywighede vanaf 8 April 2021 tot 16 April 2021 wees nie. Daar is egter enkele individue wat met oefeninge ter voorbereiding van verdere deelname moet voortgaan. Hierdie leerders sal individueel deur die afrigter in kennis gestel word.

Indien daar vir 'n leerder gedurende die toetsreeks 'n detensie uitgereik word, sal dit in die laaste week van die kwartaal in werking tree.

G) GEBEDSGROEP - DONDERDAGOGGENDE

Ek nooi u uit om Donderdagoggende om 07:30 saam met ouers en die skoolhoof in die tennishuisie te kom bid. Dis 'n geleentheid waar ons die Framesby-familie aan ons Hemelse Vader opdra. U is baie welkom.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

Vriendelike groete



M. Germishuys
Skoolhoof

ANRI VAAR UITSTEKEND

Anri de Beer (Graad 8A) het vanaf 23 tot 26 Maart 2021 aan die SA Level 3 Regional Age Group Championships Gala deelgeneem. Dit word deur Nelson Mandela Bay Aquatics by die Newton Park swembad aangebied. Sy het medaljes in elkeen van die 10 items waaraan sy deelgeneem het, verower. 'n Uitstekende prestasie! Sy het 'n persoonlike beste in 8 items behaal. Sy het ook tydens die gala gekwalifiseer om aan die SA Nasionale Junior Kampioenskappe (SANJ) deel te neem. Dit vind vanaf 14 tot 18 April 2021 plaas.

Anri het die volgende medaljes verower:

- 50 meter Vryslag - Brons (Persoonlike Beste)
- 100 meter Vryslag - Brons (Persoonlike Beste)
- 200 meter Vryslag - Silwer (Persoonlike Beste)
- 400 meter Vryslag - Silwer (Persoonlike Beste)
- 50 meter Rugslag - Goud
- 100 meter Rugslag - Silwer (Persoonlike Beste)
- 200 meter Rugslag - Silwer (Persoonlike Beste)
- 50 meter Vlinderslag - Silwer (Persoonlike Beste)
- 100 meter Vlinderslag - Silwer (Persoonlike Beste)
- 200 meter Individuele Medley - Brons



O.P. ATLETIEKSPAN

Nege atlete word in die O.P. -atletiekspan opgeneem!!!

Baie geluk aan die volgende atlete wat tot die O.P. -atletiekspan verkies is en vanaf 8-10 April 2021 in die Paarl gaan meeding:

1. Simone Louw (Gr.9) - 1500m hindernis
 2. Anel Strauss (Gr.10) - 2000m hindernis
 3. Incke Conradie (Gr.10) - 2000m hindernis
 4. Gerhard Venter (Gr.11) - 2000m hindernis
 5. Zanri Black (Gr.10) - 400m
 6. Zander van Eyk (Gr.10) - paalspring
 7. Jaco Pretorius (Gr.10) - diskus
 8. Charnleigh Kotzé (Gr.11) - gewigstoot
 9. Jana Terblanche (Gr.10) - hamergooi
- Sterkte aan al die atlete!!

FRAMESBY TENNIS



Die volgende leerders het die afgelope naweek aan die Oos-Kaap Nelson Mandela Baai Mini toernooi deelgeneem. Leila Nel en Monique van Rooyen het aan die vroue-afdeling deelgeneem en het onderskeidelik 1ste en 9de gekom. Keaton het in seuns 0/16 3de geëindig. Baie geluk aan die leerders!

**INSKRYWINGS
IS OOP!**



INSKRYWINGS 2022

Inskrywings vir 2022 is oop. Aansoekvorms is by die algemene kantoor en op ons webtuiste beskikbaar. Skryf vroegtydig in om teleurstelling te voorkom!

STUDENTESENTRUM VORDERING:



EINDPRODUK



FRAMESBY OUDSKOLIERE (FOS)



Beste Oudskoliere

Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting **na fos@framesby.co.za** sal e-pos.

NAAM EN VAN:

NOOIENSVAN:

ID-NOMMER:

JAARTAL GEMATRIKULEER:

ADRES:

PROVINSIE:

BEROEP:

TELEFOON:

SELFOON NR:

E-POSADRES:

FRAMESBY KLEREWINKEL

**FRAMESBY
MASKERS
R50**



**BUFF
R60**



DAAGLIKS OOP VAN 08:00 - 10:00

FRAMESBY OUDSKOLIERE



ONS GESELS MET: *Basil de Coning*

Agtergrond:

Basil se skoolloopbaan het in 1985 by Framesby begin. Hy het vir die 0/14A-, 0/15/A-, 0/16A- rugby-, krieket- en tennisspanne uitgedraf en het ook musiek geneem. Basil het vir die eerstespan tennis gespeel in 1988 sowel as 1989. Hy het vir die eerstespan krieket gespeel in 1978, 1988 en 1989 (kaptein). Hy was ook betrokke by die koor, het op die leerlingraad gedien en uit volle bors die Jubalaya geskreeu. Basil het met trots die Bloktroi in 1987, 1988 en 1989 gedra. Hy was 'n uitstekende rugbyspeler en is opgeneem in die Cravenweek 0/19-rugbyspan. Daarna is hy as kaptein vir die S.A. Skolespan gekies en toe weer tot kaptein vir die S.A. 0/20-rugbyspan verkies. Hy was ook kaptein vir N/TVL se 0/20-rugbyspan en in die lugmag in Pretoria.

Hy ontvang sy B.A. graad in MBW by UPE. Intussen het hy vir die O.P. Senior Rugbyspan in 1995 en 1996 gespeel. Daarna draf hy vir die Griekwas uit vanaf 1996 tot 1999. Na die Griekwas het hy in die Super 15-rugbyliga vir die Cats uitgedraf vanaf 1999 tot 2000. Hy speel vir die S.A. Barbarians in 2000. Hy het al ook teen baie internasionale spanne gespeel o.a.: Nieu-Seeland, Ierland en Engeland. Basil is weereens tot Kaptein gekies vir die Luiperde in 2001. In 2002 keer hy terug Oos-Kaap toe, waar hy tot die O.P-span verkies word.

Hy het 'n nekbiesering opgedoen by die O.P. span en op 29 jaar oud as 'n professionele rugbyspeler uitgetree.

My beste prestasie:

Om as haker pale toe te skop vir elke span wat ek verteenwoordig het van Graad 1 tot my uittrede 23 jaar later.

Ek besit tans 'n besigheid in swaar ingenieurswerke. Ek het twee ongelooflike kinders, 'n hond en 'n kat. Ek is versot op Steri Stumpies en eet glad nie uie nie. Glimlag altyd!! Dit kos niks om 'n goeie mens te wees, as jou voete op die grond is en jou hart skoon is nie. Ek



hou nie van mense wat dink hulle is beter as ander nie. Gekke en dwase skryf op mure en glase.


Lewensfilisofie: Bly doen wat jy doen. Doen dit met alles wat jy het, want jy weet nooit, hoe naby jy is om jou kans te kry nie. Goeie goed gebeur met goeie mense. Pelle hou nie boek nie. 'n Handskud is so goed soos 'n kontrak.

Verwyte:

Absoluut niks. Niks, maar ek sou definitief nie my skooljare wou weg wens nie. Oud word het sy nadele.

Advies:

As jy niks mooi het om te sê nie, bly eerder stil. Moet nooit 'n deel van die probleem wees nie, wees 'n deel van die oplossing. Almal maak foute, dis 100% normaal, so "chill". Moenie "panic" nie. Die lewe is te kort, leef en geniet dit. Dis 'n voorreg.



Arno Dames, Basil, Andries Fourie
S.A. SKOLE

FOTOJAARBLAD 2020

Die fotojaarblad van 2020 is by die algemene kantoor teen R100.00 beskikbaar. Dit sluit ook 'n gedenkblad van die afgelope 50 jaar in. Indien u nie in PE woonagtig is nie en belangstel om 'n fotojaarblad te bestel, kan u vir mnr.Rauch 'n e-pos by wrauch@framesby.co.za stuur.



OUDSKOLIERE BESIGHEDE:



Friendly Professional Staff!

Wide variety of products to suit your corporate and business needs!



Custom Name Badges

Custom Rubber Stamps

Copy & Print

Business Cards & Flyers

Letterheads

Wide Format Printing

Plan Copies & Scanning

Laminating & Binding


..... and so much more!



Walker Drive Shopping Centre
Cnr Walker & Kabega Road
Port Elizabeth, 6001
Email: printingurban7@gmail.com
Cell/Whatsapp: 064 925 2967

**Kom ons ondersteun
mekaar!**

**Stuur gerus jou
besigheidskaartjie
vir ons.**



**AMAZING BLINDS
FOR AMAZING DEALS**

Heinrich Karsten

Cell: 082 921 3454

www.amazingblindspe.co.za

info@amazingblindspe.co.za

PRICES TO BLIND YOUR EYES

SUPPLIERS OF:

VERTICAL
VENETIAN
ALU WOOD
WOODEN
PLASWOOD
ROLLER

**Enige nuus oor oudskolier kan na
mediasentrum@framesby.co.za
ge-e-pos word.**

A M A Z I N G

Specials on
Printing
For Teachers
and Students

as well as free internet use

